**2 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 52**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 52**

## Die Here sorg vir die regverdige

In die wêreld lyk dit soms of die goddeloses die oorhand het. Dawid, wat dit aan sy eie lyf gevoel het, beskryf die slegte dade waarmee die goddelose spog. Hy bely ook dat die Here goed is en hoe hy op die Here se versorging steun.

Die goddeloses is groot en belangrik in hulle eie oë en wil ander se ondergang bewerk deur met ‘n vlymskerp tong bedrog te pleeg. Hulle het die kwaad liewer as die goeie en die leuen liewer as die waarheid. Hulle vertrou nie op die Here nie, maar op hulle eie rykdom en vermoëns. Dit lyk ook soms asof hulle met hulle bose dade gaan wegkom.

Dit kan gelowiges in die versoeking bring om ook die voorbeeld van die goddeloses te volg. Die goddeloses staar egter vernietiging in die gesig, aldus Dawid. Die Here sal hulle wegruk uit die land van die lewendes. Dit sal die gelowiges met ontsag vervul en opnuut laat dink aan die rykdom wat hulle by die Here het.

Jy sal ondervind dat die Here goed is. Sy goedheid word veral sigbaar in wat Hy gedoen het. Hy sorg vir jou as sy kind. Jy kan altyd daarop reken. Wanneer jy konsentreer op die Here en sy versorging en op die rykdom wat Hy in en deur sy Seun vir jou bewerk het, sal jy sterk weerstand kan bied. Daarom sal jy ook altyd genoeg rede hê om die Here te loof en te prys.

*Sing: Psalm 52:1, 4 (2001-omdigting)* *Ds Tiaan Krüger (Nelspruit)*